# GEREFORMEERDE SKOOL DIRK POSTMA

**Kleuter- en Laerskool**
Cunninghamlaan 1182
WAVERLEY, 0186
**Telefoon**: 087-997-1762 x1
**e-posadres**: gsdp@gsdp.org.za
**Posadres:**
Posbus 31120
TOTIUSDAL, 0134
**Webwerf**: www.dirkpostma.co.za

Wees sterk en vol moed

**Hoërskool**
Dickensonlaan 1174
WAVERLEY, 0186
**Telefoon**: 087-997-1762 x2
**e-posadres**: hsadmin@gsdp.org.za
**Posadres:**
Posbus 31120
TOTIUSDAL, 0134
**Webwerf**: www.dirkpostma.co.za


# INFO: 10 JULIE 2020

Geagte ouers, lede, vriende en personeel

Die skool is oop, dit is kwartaal 3! Uiteindelik het die dag aangebreek dat ons weer op die skoolterrein rondbeweeg - personeel en leerlinge. Die geklank van kinderstemme is oorweldigend en uiteindelik hoor ons weer 'n skaterlag. Hoe lekker, hoe warm voel my hart vandag, want ons het meer as 100 leerlinge op die skoolterrein. Dit was ons bedoeling om so gou as moontlik met die onderrig in die klaskamers (en nie tuis nie) voort te gaan en ons het hierdie week kwartaal 3 so begin.

GSDP poog om ons leerlinge veilig skool te laat gaan, alles volgens regulasies, maar veral in vertroue. In vertroue dat God ons Bewaarder is en dat Hy ons nooit sal begewe of verlaat nie.

Ek bedank elkeen wat dit moontlik gemaak het. Dit was harde werk, beplanning en geduld. Geduld om te wag vir die dag, geduld vir u, as ouer, wat dalk so bietjie moet wag wanneer u u kind af- of oplaai. Ons waardeer u geduld en veral u ondersteuning.

Baie dankie aan die personeel wat dit moontlik gemaak het dat ons hierdie kwartaal kon heropen, dat ons die werk so doen dat die leerlinge wat nie nou al by ons kan aansluit nie, tog die werk kan doen en saam met die klas kan leer.

Ek bedank GSDP-Bestuur, wat voorwaar die leiding geneem het. Hulle het geen steen onaangeraak gelaat nie, maar daarin geslaag dat ons werklik alles kon implementeer, opgradeer en beplan dat alles so glad as moontlik verloop.

Dit is met groot dank en vreugde in my hart wat ek sê: DANKIE en WELKOM terug!

Dirkie-groete

**Mnr HJJ Visser**
KLEUTER- EN LAERSKOOLHOOF
BEDRYFSPAN: VOORSITTER

**Gereformeerde Skoolvereniging Dirk Postma**

Posbus 31120
TOTIUSDAL
0134

TEL (012) 332-3222
e-pos: gsdp@gsdp.org.za
web: www.gsdp.org.za

AFLEWERINGSADRES:
Cunninghamlaan 1182
Waverley
0186

8 Julie 2020

# DANKBAAR

Geagte ouers, lede en vriende

Die afgelope drie maande was 'n tyd gekenmerk deur groot onsekerhede. Hierdie onsekerhede is ervaar op alle vlakke van ons samelewing, die normale het skielik abnormaal geword en die abnormale het die normale geword.

Heelwat van u het groot onsekerhede beleef ten opsigte van u inkomste. Hierdie onsekerheid het GSDP ook geraak. Daar is gewonder oor die volhoubaarheid van salarisse, die instandhouding van die infrastruktuur en die gereedmaak van die skool om leerlinge te ontvang. Ons het asem opgehou oor die subsidie en of ouers skoolgeld sou kon betaal … en toe moes ons ons koppe in skaamte laat sak oor ons kleingeloof.

Die Here is getrou, Hy wat in die verlede altyd vir ons gesorg het, het ook nou gesorg. Ouers was grotendeels in staat om skoolgelde te betaal en die subsidie is betaal, meer as wat ons verwag het.

Ons dank die Here wat voorsien het. Baie dankie aan elke ouer, lid en vriend wat sy roeping teenoor GSDP in hierdie opsig getrou nagekom het deur die skoolgeld te betaal of reëlings te tref dat ons daarvolgens kon beplan.

Ons weet nie wat die toekoms vir ons inhou nie. Die onsekerhede het nie gewyk nie, maar genadiglik mag ons vashou aan God se getrouheid, Hy laat vaar nie die werke van sy Hande nie. Te midde van vreemde omstandighede moet ons planne maak, moet ons kreatief dink en moet ons voortgaan met ons dagtaak, maar in die wete dat Hy vir ons sorg.

Laat ons in die tyd wat voorlê op mekaar ag gee, vir mekaar voorbidding doen en in die besonder bid dat die Here die gereformeerde onderwys by Dirk Postma, maar ook by al die ander gereformeerde skole in ons land, sal bewaar en sal laat voortgaan.

Met dank

**Mnr J Drijfhout**
GSDP-Bestuur: Voorsitter

# ALGEMEEN

## PERSONEEL - VERJAARSDAG

**Baie geluk** aan mnr Jaco Pretorius wat op 19 Julie verjaar. Mag u in die nuwe lewensjaar elke dag die nabyheid van die Here ervaar en mag Hy u krag gee om elke dag u werk tot eer van Hom alleen te doen.

## BLITS ELEKTRIES

Onthou asseblief om u lojaliteitskaart by Blits met u aankope te gebruik. Indien u nog nie 'n kaart het nie, doen navraag by Blits, Waverley.

## "MY-SCHOOL"-KAART

GSDP ontvang jaarliks 'n mooi bedrag van die "MySchool"-program.

Hoe werk die "MySchool"-kaart? Vir elke aankope by winkels wat gekoppel is aan die kaart byvoorbeeld Woolworths, kry die skool 'n persentasie. Aan die einde van elke maand betaal MySchool die bedrag oor aan GSDP.

Indien u nog nie 'n "MySchool"-kaart het nie, besoek die webwerf www.myschool.co.za, klik op "Get a MySchool card now" en voltooi die maklike aansoekvorm binne minute.

---

# AFLAAI EN OPLAAI VAN LEERLINGE VANAF WOENSDAG, 8 JULIE

**LET ASSEBLIEF OP DIE REËLINGS TEN OPSIGTE VAN DIE AFLAAI EN OPLAAI VAN U KIND(ERS) VANAF WOENSDAG, 8 JULIE 2020.**

## AFLAAI EN OPLAAI VAN LEERLINGE

**Die roete vir die aflaai en oplaai van die leerlinge:**
**Ingang: Dickensonlaan**
**Uitgang: Codonialaan**

**DIE MAKLIKSTE IS DAT U VANUIT CUNNINGHAMLAAN NOORD DRAAI IN TOMSTRAAT; DRAAI DAN WES (LINKS) IN DICKENSONLAAN - ONS PROBEER OPEENHOPING BY DIE DICKENSONLAANHEK BEPERK.**

**Ons bevestig ons laaste skrywe dat u u kind(ers) SLEGS tussen 07:00 en 07:40 mag aflaai.**

## GSDP - TELEFOONNOMMER

GSDP se telefoonnommer (012) 332-3222 is tans buite werking.  Die tydelike nommer is:

**087-997-1762**

---

# KWARTALE - 2020

**Die kwartale vir die res van 2020 is as volg:**

Kwartaal 3:   8 Julie tot 23 September
Kwartaal 4:   12 Oktober tot 15 Desember

**15 Desember**:  Hierdie datum is onderhewig aan bevestiging van die departement vir datum van inhandiging van punte.  Ons kommunikeer dit betyds aan u.

---

# HOëRSKOOL

## ALGEMEEN

Geagte ouers, personeel en vriende

Dankie vir almal se opofferings en toewyding die afgelope tyd.  Ons het hierdie week met die fisiese terugkeer na die hoërskoolterrein begin - met alle regulasies en beplanning in plek.  Ons versoek asseblief dat u geduld sal beoefen met ontwrigtings tydens die implementering van laasgenoemde.  Ons sien baie daarna uit om al die leerlinge veilig te ontvang.

Ons vra asseblief dat u die belangrikheid van sosiale afstand en die korrekte manier van dra van die maskers by die leerlinge wat terugkeer skool toe inskerp.  Ons moet gehoor gee aan die voorskrifte om die skool veilig te hou.  Die leerlinge moet nie net doen wat reg is as die onderwysers dit vra of kyk nie, maar omdat dit die regte ding is om te doen, of 'n mens op hierdie stadium saamstem of nie - dit is die voorskrifte waaraan GSDP moet voldoen om oop te bly.  Daar is wydverspreide opinies en ons moet geduld hê met mekaar se sienings.  Die skool handhaaf die idee:  Ons mag nie onverantwoordelik optree nie en almal moet hul gewete aan hul aksies bind.

Baie sterkte aan alle gesinne wat reeds deur COVID-19 geraak is en selfisolasie moet toepas as gevolg van familielede wat positief getoets is en waarvan sommige selfs in 'n hospitaal behandeling ontvang.  Dra asseblief mekaar se belange op die hart en bid vir mekaar dat hierdie beproewing vir die gemeenskap draaglik mag wees.

## AKADEMIE

**Toetsrooster:**

| Datum | Graad 8 | Graad 9 | Graad 10 | Graad 11 | Graad 12 |
|---|---|---|---|---|---|
| **KWARTAAL 3** | | | | | |
| 14 Julie | | | Afrikaans | Wisk / WG | LW / Kuns / IT |
| 16 Julie | | | Rek / Kuns | Afrikaans | Wisk / WG |
| 21 Julie | Afrikaans | Engels | Wisk / WG | LW / IGO / BS / RTT | Bybel |
| 23 Julie | Engels | Kuns | FW/Geo / RTT | IT / VS | LO |
| 28 Julie | Wiskunde | EBW | VS / IT | Engels | FW / RTT / Geo |
| 30 Julie | NW | Wiskunde | IGO | FW | Afrikaans |
| 4 Augustus | Tegnologie | Afrikaans | LW / BS | Rek / Kuns / Geo | Kerkgeskiedenis |
| 6 Augustus | EBW | Tegnologie | Engels | LO | Engels |
| 11 Augustus | Kerkgeskiedenis | SW | LO | Kerkgeskiedenis | IGO |
| 13 Augustus | SW | NW | Kerkgeskiedenis | Bybel | Rek / VS / BS |
| 18 Augustus | Kuns | LO | Bybel | Wisk / WG | LW / Kuns / IT |
| 20 Augustus | Bybel | Bybel | Wisk / WG | Engels | Wisk / WG |
| 25 Augustus | LO | EBW | Engels | LW / IGO / BS / RTT | FW / RTT / Geo |
| 27 Augustus | Wiskunde | Wiskunde | FW / Geo / RTT | IT/VS | LO |
| 1 September | NW | Afrikaans | LW / BS | Kerkgeskiedenis | **Rekordeksamen 31 Augustus tot ongeveer 23 Sep?** |
| 3 September | Tegnologie | Tegnologie | VS / IT | FW | |
| 8 September | EBW | SW | IGO | Bybel | |
| 10 September | SW | NW | Afrikaans | Afrikaans | |
| 15 September | Engels | Kerkgeskiedenis | Rek / Kuns | Rek / Kuns / Geo | |

Die leerlinge ontvang reeds werkafbakenings.

Die departement is besig om inligting vir assesseringsplanne na die skole te kommunikeer. Daarvolgens beplan die hoërskool om wel in Augustus punte bekend te stel wat kwartaal 2 se akademie weerspieël. Bogenoemde toetsreeks is dus belangrik en die leerlinge moet asseblief daarvoor voorberei.

**Ouers:** Baie dankie vir u toewyding in die opvoeding van u kind(ers) die afgelope tyd.

Baie dankie vir die ondersteuning wat u aan die personeel verleen het - ons waardeer dit opreg.

**Protokol:** Volgens GSDP se protokolle wat aan u gekommunikeer is, sal u merk dat selfisolasie van 'n leerling en onderwyser in sekere gevalle moet plaasvind. U sal merk dat die eise op die onderwysers hoog was, aangesien hulle fisies en aanlyn klas gegee het. Om die afwesighede se ontwrigting te minimaliseer, gaan die hoërskoolpersoneel poog om alle inligting wat die leerlinge in die klaskamer ontvang, op *GoogleClass* te laai, maar die leerlinge ontvang nie aanlynklas nie. Indien 'n leerling nie in die klas is nie, kan hy / sy die lesaanbieding later aflaai en is dit dus net vir selfstudie en om nie agter te raak nie.

## SPORT EN KULTUUR

Is afgestel tot verdere kennisgewing.

# LAERSKOOL

**AFLAAI EN OPLAAI VAN LEERLINGE VANAF WOENSDAG, 8 JULIE 2020**

## AFLAAI VAN LEERLINGE

**Die roete vir die aflaai van die leerlinge - tussen 07:00 en 07:40:**
**Ingang: Dickensonlaan**
**Uitgang: Codonialaan**

## OPLAAI VAN LEERLINGE

| tyd | graad | plek |
|---|---|---|
| 13:00 | kleuterskool | Cunninghamlaam |
| 13:30 | gr 1 - gr 7 | Dickensonlaan |

**Die gr 3- tot gr 7-leerlinge beweeg om 13:25 na die afgemerkte plekke op die kerkterrein waar u van die "pick-up and go"-stelsel gebruik moet maak. Ons versoek dat u asseblief hierdie tye sal gehoorsaam.**

**Gebruik asseblief die volgende roete vir oplaai:**
**Ingang: Dickensonlaan**
**Uitgang: Codonialaan**

Parkering op die kerkterrein is ontoelaatbaar. Ons verstaan dat dit 'n geweldige frustrasie vir u mag meebring, maar wees verseker dat ons ons bes probeer in die huidige situasie.

**VERJAARSDAE**

Baie geluk aan die leerlinge wat in Julie verjaar of reeds verjaar het. Ons hoop dat jou huisgesin jou op die dag sal bederf:

2 Julie: Luané de Villiers (gr 2)
Christiaan vd Wetering (gr 7)
3 Julie: Gerhard de Beer (gr 1)
Elri Kruger (gr 7)
4Julie: Karlize Makkink (gr 3)
9 Julie: Marissa Visser (gr 1)
10 Julie: Wildrik Niehof (gr 6)
11 Julie: Callie Pohl (gr 6)
David de Wit (gr 3)
14 Julie: Conrad Boshoff (gr 4)
Luhan vd Wetering (gr 1)
Anke Venter (gr 5)
16 Julie: Sulé Mathee (gr 1)
Wilmarie Theunissen (gr 4)
Leané Schmitz (gr 4)
19 Julie: Tian Wibbelink (gr 6)
20 Julie: Jannes Enslin (gr 3)
23 Julie: André Buys (gr 2)
24 Julie: Maryke vd Wetering (gr 1)
26 Julie: Hendrik Boersema (gr 3)
28 Julie: Zack Engelbrecht (gr 6)

**SPORT EN KULTUUR; BUITEMUURSE AKTIWITEITE**

Is afgestel tot verdere kennisgewing.

**BASISLYNASSESSERING: ROOSTER**

# KLASTOETSROOSTER


## (Basislynassessering)

### Julie / Augustus 2020

*Hierdie basislynassessering word gebruik om die begrip van elke leerling te toets van die afgelope kwartaal 2 se werk. Hierdie toetse sal hoofsaaklik die werk van Seesaw 1 + 2 bevat. Maak seker jy doen goed hersiening voor die klastoets.*

*'n Afbakening sal uitgedeel word om jou te help met voorbereiding.*

| DAG | GRAAD 4 | GRAAD 5 | GRAAD 6 | GRAAD 7 |
|---|---|---|---|---|
| Di. 14 Julie | | | Wiskunde | Wiskunde |
| Do. 16 Julie | | | Afrikaans | Afrikaans |
| Di. 21 Julie | Afrikaans | Afrikaans | Engels | Engels |
| Wo. 22 Julie | | | Bybelonderrig | |
| Do. 23 Julie | Wiskunde | Wiskunde | | Bybelonderrig |
| Di. 28 Julie | Engels | Engels | | SW |
| Wo. 29 Julie | | | SW | |
| Do. 30 Julie | | | | NW |
| Vr. 31 Julie | Bybelonderrig | Bybelonderrig | Nat. + Teg. | |
| Di. 4 Augustus | SW | SW | | |
| Do. 6 Augustus | Nat. + Teg. | Nat. + Teg. | | |



# KLEUTERSKOOL

Ons het hierdie week ons eerste kleuters na die lang inperkingstydperk by die kleuterskool verwelkom. Elkeen se hart is gevul met vreugde en dankbaarheid. Die kleuters het gou by die nuwe omstandighede aangepas (die personeel ook ☺).

Ons sien daarna uit om die res van die gr R-kleuters te ontvang.

Gr RR- en gr RRR-kleuters kan tot 19 Julie nog lekker warm en knus by die huis bly. Ons ontvang julle graag op Maandag, 20 Julie. Ons is slaggereed vir die jonger kleuters.

**Onthou:**

- Dra jou masker of hoedskerm.
- Was gereeld jou hande met seep.
- Trek warm klere aan skool toe - die klaskamers se deure en vensters moet oopbly.

Geniet die naweek.

Psalm 100: 1, 5: "Juig voor die HERE, o ganse aarde! Want die HERE is goed; sy goedertierenhieid is tot in ewigheid, en sy trou van geslag tot geslag."